# Suid-Kaap Oumotorklub
# Southern Cape Old Car Club

**Website: www.scocc.co.za ● Fax: (086) 504-4866**
**P.O. Box 1749, George, 6530**

## 2015 COMMITTEE:

| | | |
|---|---|---|
| **Club Patron** | Charles van Zyl | (082) 343-2260 |
| **President** | Kobus Harris | (082) 453-1497 |
| **Chairman** | Pierre Olivier | (082) 872-6456 |
| **Vice Chairman** | Mike Alexander | (082) 495-4780 |
| **Secretary** | Krige Bolton | (082) 475-7855 |
| **Treasurer** | Chris van Staden | (082) 491-5254 |
| **Clubhouse / Regalia** | Pierre Conradie | (082) 576-7587 |
| **Events Co-ordinator** | Gerhard Hoepfner | (082) 566-2775 |
| **Events Assist** | Clay Whittle | (074) 199-6499 |
| **Young Enthusiast** | Rohann Steenekamp | (082) 853-2625 |
| **Indemnitys & Membership** | Mike Alexander | (082) 495-4780 |
| **Dating Officer** | Andrew Boshoff | (071) 892-3949 |
| **George Old Car Show** | Mike Alexander | (082) 495-4780 |
| **Media / Spanner Magazine** | Phillip Rosser | (082) 410-5490 |

### COUNTRY REPRESENTATIVES:

| | | |
|---|---|---|
| **Knysna** | Manie Rademeyer | (044) 382-4538 |
| **Oudtshoorn / Prince Albert** | Jeremy Witts-Hewinson | (082) 488-8370 |
| **Beaufort West** | Brian Zechlin | (023) 414-3542 |
| **Heidelberg / Riversdal** | Gawie Breytenbach | (082) 661-6710 |
| **Mossel Bay** | Kobus Harris | (082) 453-1497 |
| **Victoria West / Loxton** | Danie Swart | (082) 857-4003 |
| **Insurance ( SAVVA / FNB )** | Glenn Broadhurst | (087) 736-2222 |

## SCOCC Banking Details:

| | | |
|---|---|---|
| **Subscriptions** | : | **R 150.00** per year, plus a once-off R200.00 joining fee. |
| **Account Name** | : | Southern Cape Old Car Club |
| **Bank** | : | ABSA George |
| **Branch Code** | : | 630114 |
| **Account Number** | : | 890 167 551 - Cheque Account |

Regular gatherings are held at the clubhouse "Tipple & Torque" at Glenwood House School, as per the Upcoming Events as listed in this magazine. All visitors are welcome. The opinions expressed in Spanner do not necessarily reflect the views of the club committee, the editor, club members and officers of SAVVA or advertisers in this magazine.

# Uit die Voorsitters Stoel

Eerstens wil ek dankie se aan almal wat artikels opstel en dit deurgee aan Jenny om sodoende 'n kwaliteit Spanner te kan saamstel – hou asseblief aan met die goeie werk.

Die SAVVA veteraan toer wat in die Noorde van Natal aangebied was, was baie goed deur SKOMK lede verteenwoordig maar die grootste eer kom ook twee getroue klublede toe wat as wenners uit die stryd getree het nl. Philip Kuschke en Chris van Staden. Ek moet ook net noem dat Emil en Hannie Kuschke ook SKOMK lede, en broer van Phillip Kuschke, het die tweede plek geneem. Baie geluk en baie dankie dat julle sulke goeie ambassadeurs vir ons klub is.

Dankie aan die Mercedes Benz klub en spesifiek Kobus Harris vir 'n puik snoekbraai byeenkoms wat by De Bakke in Mosselbaai aangebied was.
Op Saterdag 19 September, het die 49ste SAVVA algemene jaarvergadering plaasgevind in Johannesburg en was die SKOMK verteenwoordig deur myself en Krige Bolton. Ons sal verslag doen op die SKOMK se algemene jaarvergadering binnekort.

So het die langverwagte Liquorland Erfenistoer gekom en gegaan. Wat 'n lekker paar dae van ontspanning en om met wonderlike vriende deur die Langkloof, Sondagsrivier en die Karoo in jou oumotor te kon toer. Baie geluk aan Mike Alexander, Roy Kruger en Louis Serfontein wat die toeskouerspryse vir die motors van die toer ontvang het. Gelukig het omstanders net op die voorkoms van die motors beoordeel. Met die gala aand in Steytlerville is donasies gevra van die toergangers vir die skoenboks projek vir behoeftige kinders, en het ons 'n bedrag van R 1,300.00 ingevorder. Ek doen ook 'n beroep op die res van die SKOMK lede om 'n bydrae te maak sodat ons 'n verskil kan maak in 'n behoeftige kind se lewe hierdie feestyd. Enige iemand wat belangstel, kan my kontak by 082 872 6456 om 'n bydrae te maak tot die fonds.

Op die eerste aand van die toer het die toergangers 'n bedrag van R 2,000.00 ingesamel vir n jongman met 'n kunsbeen wat deur die land stap om geld in te samel vir mense wat nie prostese kan bekostig nie. Hierdie gebaar van die toergangers het my weer opnuut laat besef dat ons klublede nie net aan hulself dink nie, maar dat hulle ook 'n verskil wil maak in ander se lewens. Baie dankie vir almal se ruimhartigheid.

Ten laaste wil ek namens die SKOMK ons meegevoel oordra aan Pieter en Wilma Lourens wie hul seun in 'n motor ongeluk aan die dood afgestaan het. Ons gebed gaan saam met hulle.



*CAW 28077*

# A word from the Editor

## Phillip Rosser

**For the past six months I have been involved with the Southern Cape Old Car Club and what an amazing privilege it was to work with all the wonderful people. You all have gotten to know a little bit about me and I know the SCOCC has so much to offer to the members. With a committee that works a lot of free willing hours and does an amazing job to keep the club running as smooth as it does. One thing I have learnt from the SCOCC, is the love and joy that you get for vintage motor cars from working with all the passionate people.**

**With a sore heart today I am writing this letter to you. Being a young entrepreneur and being involved with an amazing Club like the SCOCC, it has become impossible to divide my time between my passion and my career. Unfortunately, this will be my last Spanner for the SCOCC. I will however, always be a member of the club and just a phone call away. If any of you do have spare time, please call Pierre Olivier and offer your help/time, they really need extra hands to assist.**

**It was only a pleasure to assist the club and to be the editor of the Spanner. I will surely miss everyone. Thank you to the committee and members, for your trust and the opportunity offered to me.**

**I wish the Southern Cape Old Car Club committee and members a blessed season and the best success for the future.**

**See you all at the George Old Car Show the 13 - 14 February 2016.**

**Lots of Love & Blessings**

**Jenny Rademan**
**Editor**

# Upcoming Events

**15 November 2015** – Club braai at Kobus Hailiday 12:00

**28 November 2015** - SCOCC AJV en Year-end function (To be confirmed)




***If you need any further information regarding any event, please call Gerhard Hoepfner on (082) 566-2775. Events are also constantly updated on the web site: www.scocc.co.za***

# Birthdays



| SEPTEMBER | |
|---|---|
| Pieter Lourens | 1st September |
| John Forman | 2nd September |
| Wendy Rademeyer | 2nd September |
| Delahvonne Veldtman | 4th September |
| Marina Boshoff | 7th September |
| Tom vd Vyver | 8th September |
| Tony Siemssen | 8th September |
| Alma van Tonder | 9th September |
| Ockert van der Berg | 10th September |
| Lisa-Mari van der Berg | 10th September |
| Bonita Mellon | 11th September |
| Theo Nel | 12th September |
| Jan Barnard | 12th September |
| Paul Fick | 12th September |
| Rina Steenkamp | 13th September |
| Wilna Lourens | 14th September |
| George Marx | 15th September |
| Andre Fourie | 16th September |
| Jan Wright | 16th September |
| Jan Potgieter | 16th September |
| Serita Swart | 16th September |
| Robbie Hewetson | 16th September |
| Linda Kleinhans | 16th September |
| Rudolph Greyvenstein | 17th September |
| Pieter Lund | 19th September |
| Hennie Rall | 19th September |
| Brian Gordon-Hogg | 20th September |
| Helgard Meyer | 20th September |
| Marietta Lourens | 21st September |
| Mike Cheminais | 21st September |
| Marie van der Merwe | 21st September |
| Scholtz Muller | 21st September |
| Walter Fivaz | 22nd September |
| Otto Reinecke | 22nd September |
| Marianne Kritzinger | 22nd September |
| Simone' Kasselman | 22nd September |
| Kobus Botha | 23rd September |
| Graham Davies | 23rd September |
| Carel Smit | 23rd September |
| Frank Erskine | 23rd September |
| Gerhard Hoepfner | 26th September |
| Elsie Jacobson | 26th September |
| Niel Moolman | 27th September |
| Reho Le Riche | 28th September |
| Rina Durandt | 30th September |
| Leni Bernado | 30th September |

| OCTOBER | |
|---|---|
| Mary Forman | 1st October |
| Fanie Buys | 2nd October |
| Magda Stander | 2nd October |
| Stewart Vallery | 3rd October |
| Pieter Oosthuizen | 4th October |
| Isabel Keyter | 4th October |
| Edward Oberholster | 6th October |
| Japie Beyers | 7th October |
| Coleen Perhat | 7th October |
| Hendrik Kleinhans | 7th October |
| Francois Oosthuizen | 8th October |
| Johnny Marais | 10th October |
| Jacques Pienaar | 11th October |
| Alet Lingen Felder | 11th October |
| Charlie Amm | 12th October |
| Werner Smit | 12th October |
| Werda Peach | 13th October |
| Jan Ellis | 15th October |
| Tian Geyer | 15th October |
| Alf Dolt | 17th October |
| Gordon Meyer | 18th October |
| Francis Nieuwenhuis | 21st October |
| Theresa Terblanche | 21st October |
| Pieter Cronjé | 22nd October |
| Wollie Wolmarans | 22nd October |
| Elsa Green | 23rd October |
| Axel Hirschberg | 23rd October |
| Chris van Zyl | 23rd October |
| Pierre Fourie | 24th October |
| Roelf Vermeulen Sr | 24th October |
| Robin Meeks | 26th October |
| Bev Du Raan | 26th October |
| Ria Conradie | 26th October |
| Rosita Kuschke | 27th October |
| Ansel Terblanche | 27th October |
| Tony Keyter | 28th October |
| Loda Bothma | 29th October |
| Irene Vermeulen | 29th October |
| Heidi Fourie | 29th October |
| Coert Smit | 29th October |
| Francois Kasselman | 30th October |
| Rohann Steenekamp | 31st October |

# Wel en Weë

Namens die SKOMK ons meegevoel oordra aan Pieter en Wilma Lourens wie hul seun in ‘n motor ongeluk aan die dood afgestaan het. Ons gebed gaan saam met hulle.

*If you know of someone who is unwell or who is perhaps going through a rough patch, or if someone has happy news, please let me know so that I can announce it in the newsletters and members can then contact or visit them. – jenny@clickonit.co.za*

# New Members

**A very big SCOCC WELCOME to the following members that have joined our ranks since the last Spanner. May you spend many happy hours AND MILES together with us.**

- Jean-Francois & Lesley Peju
- Johann van Tonder
- Andre & Amanda Swanepoel
- Hugo & Ria van Dyk

# Spanner by Email

Due to the fact that our post office is sadly not as reliable as in the past, we are considering sending the Spanner out via email to whoever would prefer to receive their copy in this manner. If so, please can you send an email to jenny@clickonit.co.za including your name and membership number, so that we can enter you onto the email list. If you would prefer to keep things the way they are, no problem, just ignore the above and your copy of the Spanner will still be sent to you via regular mail.

# Note from the Teasurer

## by Chris van Staden

Your annual subscriptions were due on 1 July 2015, but there are still quite a number outstanding! Often I find deposits to our banking account without the necessary info which makes it impossible for me to identify eg.

“1/07/2015 ACB KREDIET MEMBERSHIP FEE R 150 “

No name and no membership number! If this is yours, please let me know. I also need to remind members that only those who have paid their subscriptions are entitled to participate in club events AND VOTE AT THE AGM. The clubs banking details appear on page 1 of the Spanner.




FNB INSURANCE BROKERS
Specialising in Vintage & Veteran Car Insurance together with personal and business insurances
CONTACT GLENN BROADHURST or MADELENE WIESE
tel: 087 736 2222 fax: 011 699 0783 email: madelene.wiese@fnb.co.za
an authorised financial services provider

# ‘S’ Licence registration of a “Vintage Vehicle

Think very carefully before you decide to register your vehicle under an S-Licence. Remember, you CANNOT use it for any other purpose than attending club related events. If you use it for everyday travel and have simply registered under an S-Licence to save on the cost of the annual licencing fees and you should have an accident, you will be in big trouble. Firstly your insurance won’t pay out and secondly you could be facing criminal charges. However, if you do decide to go this route, then please take note of the following.

Some registering authorities are not correctly informed on the requirements relating to the granting of Special licences; - the so called 'S' licences. This is currently being addressed, but in the interim, for those members intending such registration for an eligible vehicle, the following pertinent, (but not strictly verbatim), extracts from the current Road Traffic Regulations, will be useful:

**Regulation 138, Certificate of roadworthiness required in certain circumstances.**

*Sub-regulation* (1) states that, subject to sub-regulation (2) a registering authority shall not issue a licence disc in respect of a used motor vehicle of which the owner has changed, unless such motor vehicle is certified to be roadworthy.

*Sub-regulation* (2) states that the above sub-regulation (1) shall not apply in respect of a motor vehicle referred to regulation 21 (1).

**Regulation 21, Special classification of motor vehicle in relation to motor vehicle licence fees**.

*Sub-regulation* (1) *(e)* states that the owner of a motor vehicle which is a vintage vehicle and which is used solely-

(I) in any race or sport referred to in regulation 317;
(II) in any event organised by a properly constituted motor club;
(III) exhibition purposes; may apply to the MEC concerned for special classification of the vehicle concerned with respect to motor vehicle licence fees by, at his or her appropriate registering authority, making a declaration on form ELFI to the effect that the vehicle is as contemplated in paragraph (e) accompanied by:
(I) the acceptable identification of the owner; and
(II) additional information or documents required by the MEC concerned.

## NOTES:

1. By definition in the National Road Traffic Regulations, "vintage vehicle" is defined as: any motor vehicle manufactured on or before 31 December 1965.

2. Accompanying documentation must include:

2.1 A letter from the club chairman, quoting your ID. Number, and confirming that you are a bona fide paid-up member of a SAVVA-affiliated club.

2.2 A copy of the SAVVA dating certificate for the specific vehicle, failing which, a letter from the club dating officer confirming that the vehicle is eligible.

2.3 A letter signed by you the owner, stating that you understand and acknowledge that the conditions under which the 'S' licence application will be granted as stated in Regulation 21 (1) (e), will be complied with




# NUUS VOLG...

# 2015 Liqourland Erfenistoer Oorsig

## Deur Pierre Olivier

Donderdag, 24 September 2015 het aangebreek en 21 Oumotors tree aan by Liquorcity Liquorland op die onderpunt van Yorkstraat vir die derde Liquorland Erfenistoer. Die Wimpy borg Koffie, die bestuurders kry hul finale instruksies en Perfect water sorg dat elke deelnemer ‘n bottel water kry om saam te neem.

Toeskouers het die motors kom besigtig en oral kon jy die opgewondenheid van die mense ervaar. Dankie ook aan ons klublede wat nie deelgeneem het nie, maar ons kom afsien en voorspoed toewens het.

So vat ons die Outeniqua pas en die Plymouth begin rook asof hy in ‘n tabak advertensie is, maar sy geite word gou opgelos en is hy reg vir die res van die toer. Net toe alles weer klopdisselboom gaan begin die Packard stoom en sy geite het, maar voortgegaan die hele toer deur. Die blou Chev was 'n ander storie sy voorwiel laer het opgepak en daar staan hy ook langs die pad. Op Uitenhage is hy reg gemaak en toe was al die foute opgelos. Een ding is seker die Chev se kattebak werk goed, want as hy stop gaan die kattebak vanself oop, ek het nog nie agtergekom waarom nie.




Op dag twee het ons die auto pavilion by VWSA besoek waar ‘n klein, maar pragtige uitstalling nie net ou modelle vertoon nie, maar ook hoogtepunte van VW motorsport. Dag drie neem ons Steytlerville toe en hier besoek ons Jurie Prinsloo se motormuseun met ‘n paar goed versorgde motors waarvan die een wat uitgestaan het n Ford GT 40 was.

Ons sluit altyd ons toer met ‘n gala ete af en hierdie jaar was nie afgewyk van die gewone nie. Die groot verassing van die aand was Marlise Steenekamp wat vir ons haar talent kom

wys het hoe spaanse danse gedoen moet word. Ek was stomgeslaan en al wat ek kan sê is Pragtig, baie dankie Marlise. Vier motors van die toer pryse is deur omstanders gekies. Ten spyte van Louis se Packard en Mike se Plymouth se probleme is die motors saam met Roy se Chev deur omstanders gekies as motors van die toer. Philip en Amanda Rosser se Model-T het die prys vir oudste motor op die toer ontvang.

Wat my die nederigste maak is die feit dat die toergangers hul beursies oopgemaak het vir liefdadigheid en, het ons ‘n goeie bedrag vir twee instansies kon invorder. Ek sê altyd dat die toergangers ‘n toer maak, maar met hierdie gebaar het julle meer as dit gedoen BAIE DANKIE.

Ten einde laaste wil ek vir Sydney en Daphne wat die besemwa met hul bakkie beman het, baie dankie sê vir al die geduld wat hulle aan die dag gelê het. Ek glo dat ons hom in die vervolg met sy oumotor op die toer sal sien.

Die instansies wat die SKOMK bygestaan het, hul advertensies is in die boek, ondersteun hulle asseblief.



# 2015 Heritage Tour

**By Phillip and Amanda Rosser**

The ever popular Heritage tour attracted a total of about twenty entries ranging from a Ford Model T and anything closer to 1975. The distance of around 880 km was covered with overnight stops in Jeffrey's Bay, Addo and Steytlerville.

The Sweeper Vehicle or as it was named by some Belgian tourists last year, "*Die Besemwa*" was driven by Sydney and Daphne Young. They were told right at the start that they will have to stay behind the *Fordjie* as the Model T's are usually the slowest vehicles on the tour. We are used to seeing the rear end of most of the cars as they go by on the tour, but this year was somewhat different.

When we departed from Liquorland at the bottom of York Street we decided to leave earlier than the other cars to get a head start so that we don't end up at the tea stop dead last again. Louis & Marida Serfontein, driving a 1941 Packard decided to do the same as they did not want to push the Packard too hard.




They actually got away before we did in the Model T Ford and we never saw the Packard again until they topped up the radiator just before Louterwater, our first tea stop. There we heard of two casualties, Mike Alexander's Plymouth Savoy had a minor gear shift problem over the Outeniqua Pass and the Moolman's had a problem with the BMW at home apparently. All along the way the fleet of cars kept passing the Model T at regular intervals. Two Morrisses came speeding by after each stop

followed by two Mecedes SL's and then the blue Chev Caprice of Jannie Stander. The red 1964 Porsche of Rohann and Marlise Steenkamp that seemed to have morphed into a modern white blurrrrrr. However we all reached Jeffrey's Bay safely.



The following day on the way to Addo the process repeated itself. The Morrises, the Merc SL's, the Chev and the white blurrr passing us became a regular occurrence. However, we heard that the Jannie Sander's blue Chev had a wheel bearing problem near Uitenhage, but after some roadside repairs and topping up the Packard's radiator, all reached Addo safely where the Model T suffered a flat tyre in the parking area. After about a two hour unsuccessful struggle trying to repair the flat I decided to use the spare, hoping not to suffer another flat tyre along the way.



From Addo to Steytlerville we travelled via Kirkwood a beautiful area near the Sundays River. The process again repeated itself. The Morrises, the Merc SL's, the blue Chev and the white blurrr. But this time we passed the Chev standing along the road on more than one occasion. There must have been something wrong, but instead of the bonnet open it was an open boot that we saw and a large blue "toolbox" with a white lid and each time the Standers and the Barnards showed a thumbs-up. So they must have had the right tools in that toolbox. The only other casualties along that road was Roy and Shoughneen Kruger's 1936 Chev that had a flat tyre and the Packard topping up water as usual.




We spent the last night at the Royal Hotel in Steytlerville and watched the Bokke beat Samoa and was treated to a great evening with some Spanish dancing by Marlise Steenkamp and a prize giving event. On the last day from Steytlerville to George we saw the tail ends of the Morrises, the Merc SL's, the blue Chev and the white blurrr again for the last time. We had a minor problem with the Model T Ford where I replaced the commutator in Uniondale during the short period that we saw the sun shine on that Sunday.



The journey home was actually quite cold and wet, even after fitting the side screens. On this day however, we did not see the Packard again and heard later that it got home late with the assistance of the *Besemwa*. The tour for the Model T ended with a 2nd flat tyre in his home garage.

Even though there were a few problems, it was once again an awesome tour and we must congratulate Pierre Olivier and his team for organising a great tour. Also many thanks to all the sponsors for making the tour possible. Are the booking open for next year yet?














Photos supplied by
Phillip and Amanda Rosser



# 10 Redes waarom die Erfinestoer moet voortgaan

**Deur Berta Laubscher**

1. OU MOTORS WORD GEBRUIK  -  Ou motors is ons erfenis.  Ons wil  dit geniet  en orals kom lede van die publiek  geselsies aanknoop.  Dit maak ons gelukkig  en ook die publiek.
2. KOMMUNIKASIE WORD BEVORDER  -  Toerlede  leer mekaar noodwendig ken, vriendskappe word gesmee.
3. DIE EKONOMIE TREK VOORDEEL -  In elke dorp  wat  ons  besoek  word geld gespandeer, petrol ingegooi, oorgeslaap ens
4. WERKSKEPPING – Venues moet regstaan vir etes & verblyf  -  dit was puik.
5. BORGE KRY BLOOTSTELLING – Klere  wat ons dra  het Liquorland se logo op, die publiek sien ons orals rondbeweeg daarmee,  fotos van die toer word  orals oor rondgestuur  aan vriende & familie, ook op Face Book.  Selfs die ou baadjies word nog steeds gedra.  Ons  dra toe mos ook ons  toerklere  in Die Hel en nou glo lede van die publiek  ons was Hel toe met die ou karre ( ek laat hulle dit glo)  ha ha ha!
6. VOORREG VIR MENSE WAT DIT NIE KAN BEKOSTIG NIE – Die borge maak dit moontlik vir mense wat dit op hul eie nooit sal kan doen nie.
7. LIEFDE WORD GEKWEEK -  Ons liefde vir die ou motors word gekoester,  mense leer mekaar ken en liefhê
8. KENNIS WORD  GEDEEL  -  Manne gee graag raad oor hoe om ‘n probleem met ‘n ou motor op te los
9. VERDRAAGSAAMHEID  MOET NOODWENDIG AANGELEER WORD  -  Daar is te alle tye  iemand  wat nie sy kant bring nie of iemand met  snaakse gewoontetjies wat geakkommodeer moet word.
10. DANKBAARHEID, *DANKBAARHEID*, DANKBAARHEID  -  dit is die emosie wat elke toerlid ervaar.  In ons deurmekaar wêreld is dit ‘n helder ligpunt wat die lewe die moeite werd maak. Die Amazing Goody Bag  is so verstommend dat mense ons nie glo as ons dit vertel nie, dat  ons  wat  reeds so baie gekry het nog deur SKOMK ‘n geldelike bydrae en geskenk kry is te veel vir vriende om te glo.

***DANKIE DANKIE DANKIE  BORGE,  PIERRE  &  KOMITEE***

***Die Erfenistoer is ‘n VOORREG nie ‘n Reg nie!!!***

# 2015 Liqourland Erfenistoer Handelsmerk bewusmaking


**Deur Pierre Olivier**

**Baie dankie aan die volgende instansies wat bereid was om hul handelsmerk bewusmaking deur middel van die erfenistoer te doen. Dit is n voorreg om met julle ge-assosieer te wees en ons sien uit daarna om n sterk vennootskap met julle te bou.**

LIQUORLAND
YOUR ONE STOP LIQUOR SHOP
www.liquorland.co.za

SUID-KAAP OUMOTORKLUB
SOUTHERN CAPE OLD CAR CLUB

XITe
COMPUTERS & DESIGNING
UPGRADES * SALES * REPAIRS









voltex

your electrical connection

JP Spares



Gerhard Barnard

Boerdery



Jannie Stander

Boerdery



Daan Botha

Boerdery

COASTAL CUSTOMS

We build excitement

WIMPY

Absolutely perfectwater

Redefine Boulevard

Baie dankie aan **Sydney Young** vir die beskikbaar stelling van sy sleepvoertuig en ook vir **Japie van Rooyen** vir die gebruik van sy sleepwa wat as herwinnings voertuig (besemwa) gebruik sal word.

# Hoe sê mens dankie

## Deur Lettie Brey

HOE Sê MENS DANKIE as
die belewenis so intens lekker en plesierig was soos die afgelope ERFENISTOER.

Wat is nou lekkerder as om weer ou vriende ,of liewer pêlle, te ontmoet en hond-uit- i-bos te gesels. Ek wil hiermee vir Pierre, Tillie en die span (komitee) baie dankie sê vir die goed georganiseerde toer , asook die pragtige roete en akk omodasie wat vir die deelnemers gereël was. Julle is sterre. Ons weet dit het ure en ure se toewyding en beplanning geverg.Verder, dankie ook aan die noodwa (JP). Gelukkig was dìt en die brandblussers nie nodig om te gebruik nie.

In elk geval sou geen brandblusser die manne en vroue se geesdrif, lag en opgewonde entoesiasme kon blus nie.

(*Hmmm, ek wonder wat sou gebeur het as Gawie se vuuraansteker* Bar-One/*Nougat sou vlam vat . Lettie)*

Baie dankie aan al die borge. Ons sal julle heelhartig ondersteun, want sonder julle ondersteuning sou die Erfenistoer nie moontlik wees nie. Watter belewe nis is die geur van lemoenbloeisels in die Sondagsriviervallei nie. ’n Mens wil eintlik soos in Hooglied liries en romanties raak. Gooi daarby Steytlerville se karoobossies en die nostalgie oorweldig jou. Waardering vir ons mooi land , dankbaarbaarheid teenoor die Skepper vir al die genadegawes , dan klink “Dankie” so nietig, maar dis diep uit die hart. Die Prediker se mening omtrent die lewe is dat ons dit voluit moet leef en dit geniet.
Sela.

# Garage aand by Sep Serfontein

## Deur Pierre Olivier

Inderhaas is n garage aand op 17 September 2015 by Sep Serfontein gehou, die rede Sep het sy hele vesameling Packards verkoop aan n museum in Oostenryk, en voordat die versameling pragmotors die land verlaat moes ons afskeid neem. Sep het ons geprikkel met n fantastiese geskiedkundige video oor Packards en toe sy passie en jare lange ondervindinge met ons gedeel.

Met al die vertellinge kon ek aanvoel iets is besig om te gebeur en besef ek dat Sep besig is om afskeid te neem van nie net sy oumotors nie maar ook van sy passie, dit is toe dat die besef by my opkom dit is die laaste keer dat ons die geleentheid het om die versameling te sien, want as hulle landuit is, is hulle vir ons nageslag ook verlore. Maar soos ek Sep ken is dit miskien beter so want ek kan my nie indink wat deur Sep se gedagtes moet gaan as hy die motors weer moet sien en dit behoort nie meer aan hom nie.




Baie dankie vir die bydraes wat jou statige Packards tot die SKOMK gehad het . Dankie ook aan jou en Stella vir n wonderlike aand.

Ek plaas meegaande berig deur Wyle Marlene Serfontein geskryf en ek dra dit graag op aan haar vir die  nodige erkenning.

## PACKARD - 'N OORSIG

'n Sewe-sitplek koeëlvaste variasie is spesiaal vir Pres. Rooseveld gemaak. Gedurende 1938 het Joseph Stalin 'n afslaandak 5.3 liter Super Eight gekoop. Baie van die konings en koninginne, o.a. Koning Gustav van Swede, het een gehad. Koninklikes van Spanje, België, Noorweë, Joego-Slavië, Japan, Egipte, Romenië en Saoedi-Arabië, is gereeld met Packards aangery.

Die meeste Suid-Afrikaanse kabinetministers in die dertiger en veertiger jare van die twintigste eeu het Packards verkies en ons eie Johannes van der Walt, Statebond stoeikampioen en Afrikaner ikoon van die oorlogsjare, het na sy besoek aan die VSA in 1938 'n Packard One-Twenty saamgebring. Selfs Chicago se rampokkers wou nie dood gesien word in enige iets anders as 'n Packard nie.

Dit was die twee broers Packard, James Ward en William Dowd, wat die eerste Packard in Warren, Ohio gebou het. Dit was nie veel meer as 'n groot vierwiel met 'n enjin nie, maar dit was die begin van 'n droom.



Die fabriek is in 1903 na die motorstad Detroit verskuif. Agt jaar later was daar alreeds 6 000 mense in diens, en in 1925 was die maatskappy gevestig in die eerste behoorlike beton fabriek, destyds die mees moderne motorproduksie-aanleg van sy soort in die wêreld.

Packard was van meet af meer geïnteresseerd in kwaliteit as in spoed. Sy 'Reguit Agt' enjins het sedert 1921 baie aandag getrek. Kenmerke soos die 'Bijur' onderstel smering, die drie remskoene per wiel en die verbeterde smoorklepmeganisme wat dit moontlik gemaak het dat die enjin koud aangesit kon word, het dit moeilik gemaak vir konkurrente. Teen 1925 het die nuwe chroomplatering en die nuwe gelamineerde glas Packard bo-aan die lys van gesogte motors gehou. Toe reeds was daar vir potensiële kopers 'n waglys van omtrent vier maande, al moes hulle $2 227 vir die goedkoopste standaard agt silinder model betaal, terwyl hulle 'n Model A Ford vir slegs $435 kon koop! Teen 1930 vervaardig Packard in die VSA meer luukse motors as die res van die vervaardigers van luukse voertuie, soos Cadillac en Lincoln, tesame.

In Junie 1931 word 'n nuwe 12 silinder Packard bekend gestel. Die impak op die welgestelde deel van die Amerikaanse bevolking was so beduidend dat selfs Wallstraat die nuus aangekondig het!

Tydens die depressie van die dertiger jare word die maatskappy egter genoodsaak om die produksie op te stoot sodat hulle kan oorleef. Die eerste middelslag motor, die One Twenty, so genoem omrede die 120" wielbasis, word in 1935 bekend gestel, en 10 000 van hulle word ter goeder trou verkoop, selfs sonder dat klante die motor gesien het! Binne 5 jaar is meer as 55 000 van hierdie modelle verkoop (in vergelyke met net 6 000 van die luukse Packards). 'n Ses-silinder model (die One Ten) word in 1937 bygevoeg en teen 1940 word 65 000 van hulle in net een jaar verkoop.

Gedurende WO II bou en modifiseer Packard die Rolls Royce Merlin vliegtuigenjins, wat in die Spitfires en Mustang P-51 gebruik was. Meer as 54 000 van hierdie V-12 enjins word tydens die oorlog deur Packard gebou. Vanweë sy voorliefde vir Packards oorreed Stalin vir Pres Rooseveld en die Packard maatskappy om die stempelblokke en ontwerpplanne van die 1941 / 42 Packard Sedan aan Rusland te gee sodat hulle hulle eie Packards kan bou. Die Russiese Zil het baie soos 'n Packard gelyk, maar was toegerus met 'n kleiner 6-silinder enjin, wat die motor minder kragtig as die Amerikaanse modelle gemaak het.

Soos die ander motorvervaardigers, was Packard ook onseker oor sy toekoms na die oorlog. Reuse soos GM het familiemotors gebou en het deur 'n goeie verspreidingsnetwerk, die mark begin oorheers. Nietemin, ten spyte van kompetisie, het Packard hulle markposisie van ongeveer 3.5% - 3.8% tot die middel 50's behou.

Om meer kompeterend te wees, het Packard in 1954 met Studebaker saamgesmelt, maar gou het dit duidelik geword dat die nuwe vennoot sy eie belange beskerm het en op 'n vindingryke manier beheer gekry het oor die besigheid. Van Packard se werkers wat sedert die twintiger jare in diens was, is afgedank en die aanleg is verskuif na South Bend, Indiana. Studebaker was behep met 'n nuwe model wat vinnig op die mark geplaas moes word.



Weens die haas is foute gemaak wat die goeie reputasie van die Packard onherroepelike skade aangedoen het. Die finale vernedering was toe die Studebaker Hawk in 1958 met 'n Packard wapen verskyn het! Dit was ook die laaste jaar dat 'n motor met die naam Packard vervaardig is.

# Het jy geweet?

**<u>1925</u>**
Chrysler stig 'n motormaatskappy in die VSA.

**<u>1928</u>**
Ford se Model A vervang die Model T.
Die Morris motor word in Brittanje bekend gestel.

**<u>1929</u>**
Die Amerikaanse motorbebryf vervaardig die eerste motor met voorwielaandrywing (n Cord) die eerste gesinchroniseerde ratkas (Cadillac) en die eerste motorradio.

**<u>1930</u>**
In Italia word die Bugatti Royale die grootste produksiemodel ooit bekend gestel.

**<u>1931</u>**
Die Brit, Malcolm Campbell verbeter die landspoedrekord in sy Napier aangedrewe Bluebird met 'n gem. spoed van 295 mph op Daytona Beach. VSA.

<u>Inligtingsbron :- S.A. in die 20 ste eeu.</u>

# Classifieds

**<u>WANTED</u>**

Model A Ford crown wheel and pinion urgently wanted. Standard 9-34 tooth, 3.78 to 1 ratio wanted for cash. Chris Langeveld, Mossel Bay, 082 924 7403,cfm65@me.com

# On The Lighter Side



# SAVVA Technical Tip # 100

## Fuel hoses

On a recent club run one of the participants mentioned he had a strong smell of petrol that wasn't there previously. It didn't take long to find the problem. It was the flexible fuel pipe from the fuel pump to the carburettor. It was past its useful life and was squirting petrol all over the place. The owner of the car was quite horrified at what could have happened to his pride and joy.

It turned out however that the rubber fuel hose he had used wasn't fuel compatible – it was actually air line hosing. I think the lesson here is not to buy look-a-like fuel hosing which could turn out to be air line hosing. One must also be careful when buying fuel hose because the cheaper product cannot handle the petrol we currently use. The same applies to the clear plastic re-enforced hose – it's ok when new but becomes hard, discoloured, inflexible and could leak later in it's life.

The question is, where do we find top quality product? From the quality car dealerships, ie Mercedes, BMW, Toyota, Volvo etc. Quality spares shops usually stock it but be careful as the spares shop assistants often don't know the difference between air and fuel line because they look similar. The fuel line is on the left in this picture.

***Viva La Difference***



# SAVVA Technical Tip # 101

## Changing brake fluid

The experts say we should change brake fluid on an annual or bi-annual basis. However we, or should I say I, tend to ignore this good advice and only work on brake systems when I have to. On my side it's just laziness as brake fluid has to be the cheapest product we use in maintaining our vehicles.

A few months ago I had a feeling the brakes on one of my cars weren't quite what they used to be. At the time I put it down to my legs not working as well as they should – until that is, the front right brake locked up. A bit of forward and backward juggling loosened it up enough to get home. The problem turned out to be that the pistons and washers were so full on gunk that the brake shoe springs couldn't return the shoes properly. Admittedly, ashamedly, I don't recall working on this particular car's brakes for about 10 years – it was a case of leave well alone – in this case not a good policy.

Is this perhaps why the experts keep on telling us to change fluids? – i.e. to change the brake fluid once a year or every couple of years and certainly not every 10 years? Is it because our cars are not used that often, or is it perhaps because our brakes don't generate enough heat to dissipate the water in the system? I don't know. Perhaps some knowledgeable enthusiast could offer advice on the subject.

In the meantime I've had the wheel cylinders and master cylinder re-sleeved and the brass pistons cleaned up as well as fitting new washers etc. All the other cylinders were in a similar condition and required rebuilding. It now takes less pressure to activate them. The result – it's not my legs.




P.S. Looking at the internet I see Castrol in the UK offer a special brake fluid that is not as hydroscopic as standard fluid – somewhere in between brake fluid and silicone - is this perhaps the way we should be going? Does anyone know if it's available in RSA?

# SAVVA Edwardian & Veteran Rally 2015

**Saamgestel deur Philip Kuschke**

**SAVVA Edwardian & Veteran Rally 2015**

**Jozini Rhino Event**

**Philip Kuschke**

*'n Persoonlike ervaring soos vertel deur Stephné.*

Soos met alle toere borrel die opwinding in my eers wanneer tasse gepak word, anders lê dit vir my as onnie té ver in die toekoms! So word daar Vrydag, Saterdag en Sondag geskarrel met kos en klere en die 1914 Model T Ford kry sy "pre-run check-up" en daar's 2 pare hande wat was en polleer… met gemoedere wat maar vinnig kan opvlam (stress)! Teen die tyd dat als reg staan vir vertrek is die lyf deurmoeg en lê die horlosie se wysters al na middernag…

Ons is Bloemfontein en Bethlehem oor Harrismith om by Kevin & Sandy op New Hope oor te staan. Ockert moes ons uit Harrismith "escort" oor die velde tot op die plaas. Daar aangekom, word ons deur 3 goed ge-ghriesde Model T foendies, Kevin, Phillip, en Chris, en Sandy verwelkom! Ons het min tyd, en daar's baie om te sien: 'n klein Messerschmidt trek my aandag… Hier word niks weggegooi nie! Uit die kombuis kom die aroma van warm winter kos…



Dinsdag oggend word Kevin se 1911 T op die *Cruiser* gelaai: ek is stom! 'n Boer maak sowaar altyd 'n plan, ysters met boute en moere of net 'n stuk bloudraad en "pratleys" maak baie deure oop! En daar trek ons oor die Van Reenen Pas in 'n misreën Pongola toe! Op Dundee maak ons 'n koffie-stop en geselsies oor karre, natuurlik! Toe's dit deurdruk verby bloekom plantasies, bees- en hoenderboerderye, Vryheid, suikerriet plantasies tot by die Duvenages in die hartjie van 'n uitgestrekte suikerriet wêreld, wat ons soos adel ontvang. Die manne geniet die mooigoed op wiele met al die vertellinge met die 1926 Model T bakkie wat die meeste aandag trek! 'n Ford Chateau Club Wagon het ook beïndruk. As bysaak moet ek noem dat ons 1914 die middag nie wou vat nie… ek sien die rooi ligte flits, maar besluit om kalm te bly. Daar's genoeg kennis en ervaring om haar van beter te oortuig… die volgende dag!



Woensdag more breek uiteindelik aan, en die groep speekwiele het gegroei tot 9 vir die tog tot in Pongola Game Reserve! Nadat 2 vonkproppe vervang is, was die 1914 T se engin gewillig! Ten spyte van die verkeerspolisie begeleiding het die stert van die konfooi spanning veroorsaak toe hulle verbyry Mkuzi toe! Kort na ons aankoms op Pongola Game Reserve is ons af dam toe vir 'n rustige "cruise" op die waters van die Jozini dam. Baie besonders was die witrenosterkoei en haar kalf en krokkedille wat in die winterson lê en hiberneer! 'n Vinger-ete en kar-geselsies bind die manne!

Donderdag moes ons vroeg wikkel vir die uittog tot by Ubombo Country Club in die koningkryk van Swaziland vir 'n "T-break". Kort na ons deur die grenspos is, nog so tussen die trokke, keer die polisie ons voor! Daar's 'n oormag van mense in uniform, en hulle is vriendelik maar ferm! Op een of ander manier word elke speekwiel as onpadvaardig gebrandmerk, en moet R100 opdok om verder te kan ry! Nodeloos om te sê dat van die ou toppies se kort lonte amper oorlog veroorsaak het… die "boiler pressures" het tot plofbare vlakke gestyg! Kevin, een van die gematigde persone, moes verduidelik hoe sy kar se

vuurhoutjies het nie! Maar meneer, dan werk die ligte mos nie! Onpadvaardig!! Gelukkig is ons deur André Cronje "ge-prep" om asseblief vriendelik, onderdanig en beskaafd op te tree vir ingeval ons wel (verseker) afgetrek (sal) word! Gerhard Scheepers en sy familie het ons met 'n vlakvark en lam spitbraai in 'n koorsboomplantasie getrakteer. Dit was gasvryheid uit die boonste rakke! So was die verkeerspolisie ook teenwoordig... om die maal saam te geniet en ons te bedank vir milde bydrae tot minder bevoorregtes in die gemeenskap.







Vrydag oggend het ons Pongola Toyota Motor Dealer vergas voordat ons die besonderse voorreg gehad het om 'n krokkedilplaas te besoek. Hoe ry die boere skud-skud-so is ons van daar af na Johan en Anna Horn waar ons weereens bederf is met smullekker eetgoed en Johan se besonderse "open crank" engin versameling. Voortreflike restorasiewerk! Nog trommeldik pak ons die pad tussen die suikerriet deur na die Duvenages vir warm winterkos, karre en bote! Die meeste mense vertrek terug reservaat toe sonder ekstra petrol...





Saterdag. Eers wou Paul se 1911 Ford Torpedo niks weet nie, veral nie nadat Ali se 1912 Buick die Ford probeer "kick-start" nie! Daar was egter geen keer aan die Ford nadat sy "spark" probleem uitgepluis is nie! Saterdag lê daar 'n berg voor, maar eers besoek ons een van die top tuine in die RSA, die Senekal-familie se Alwyn tuin! Na die rustige lafenis in die tuin, is ons Berg oor Jozini Tiger Lodge toe! Dis hier waar die Tiervis seëvier, 'n vissermansparadys!
Van die speekwiele spoeg bruin roeswater oor die enginkappe teen die voorruite uit soos hulle klim, maar die bergie is 'n molshoop! Dis eers na nog 'n vullende middagete dat die petrolvlakke 'n bietjie laag lê vir die eerste bult terrug reservaat toe. Die Vryheid Ou Wiele Klub se mense was gereed met die kanne! Dankie manne!

Saterdag aand. Dis ter nagedagtenis aan Dr. Livingstone, en dit lyk na 'n 1870 safari in Mvubu Lodge se lapa! Pat Biddulph het ons 'n bietjie van die geskiedenis vertel. Hier, in díe lapa, is ons die week soos koninklikes behandel deur Karel Landman en sy personeel! Hier is ons almal op een of ander tyd oor iets beboet of beloon deur die hoofman, André Cronje, en sy raad. Hier het ons baie gelag en karre gesels terwyl ons mooi kos eet!

Tot nou toe het ek niks genoem van die kompetisie nie, want ek het die hele ervaring so geniet dat dit vir my 'n bysaak was! Ja, ons het oor kort afstande ge-"rally", en daar is elke aand verslag gelewer... Uiteindelik is die finale uitslag bekendgestel en trofeë is oorhandig. Baie geluk aan Syd en Pat Biddulph met jul 3de plek, Emil en Hannie Kuschke met hul 2de plek! Philip Kuschke en Chris van Staden het koning gekraai oor die 2015 SAVVA Edwardian and Veteran Rally! Welgedaan! Ook aan die mense van die Vryheid Ou Wiele Klub en al hul regterhande! Julle het die hele toer 'n onvergeetlike en baie interressante ervaring gemaak.

Dankie.

# Melt in Your Mouth Barbecue Ribs (Oven)

www.food.com



## INGREDIENTS

SERVINGS 6 | UNITS US

- 4 lbs pork ribs
- ¾ cup light brown sugar
- 1 teaspoon hickory smoke salt
- 1 tablespoon paprika
- 1 tablespoon garlic powder
- ½ teaspoon ground red pepper (optional)
- 2 cups of your favorite barbecue sauce (mine is Sweet Baby Ray)

**DIRECTIONS**

Preheat oven to 300 degrees f. Peel off tough membrane that covers the bony side of the ribs. Mix together the sugar and spices to make the rub. Apply rub to ribs on all sides. Lay ribs on two layers of foil, shiny side out and meaty side down. Lay two layers of foil on top of ribs and roll and crimp edges tightly, edges facing up to seal.

Place on baking sheet and bake for 2-2 1/2 hours or until meat is starting to shrink away from the ends of the bone. Remove from oven. Heat broiler. Cut ribs into serving sized portions of 2 or 3 ribs. Arrange on broiler pan, bony side up. Brush on sauce. Broil for 1 or 2 minutes until sauce is cooked on and bubbly. Turn ribs over. Repeat on other side. Alternately, you can grill the ribs on your grill to cook on the sauce.



# 'N JAAR VAN VOORUITGANG

*Die Nuwe Ford word op Gesonde Beginsels Vervaardig*

Ons doel is om die beste motor wat kan vervaardig word om teen 'n lae prys verkoop te word, te vervaardig. Die Nuwe Ford weerspieël daardie ideaal in 'n steeds toenemende mate.

*Meer as 2,000,000 Motors en Vragmotors verkoop in 1929*

## NUWE VERLAAGDE PRYSE:


| | | | |
|---|---|---|---|
| PHAETON | £178 | LUUKSE - AFLEWERINGSWA | £215 |
| ROADSTER met Kattebak | £190 | VRAGMOTOR „L" (*Lig*) | £170 |
| CABRIOLET | £250 | VRAGMOTOR „M" (*Middelmatig*) | £180 |
| STASIE-LEWERINGSWA | £235 | VRAGMOTOR „H" (*Swaar*) | £185 |

V.O.S. PORT-ELIZABETH.

*Die pryse van alle ander Modelle bly onveranderd*

Ford

DIE FORD - MOTORMAATSKAPPY VAN SUID - AFRIKA BEPERK, PORT - ELIZABETH.



DIE FORDOR. Vier wye deure verleen toegang tot die voorste en agterste sitplekke. Weelderigheid kenmerk elke toerusting, gestoffeerde veerkussings, kaplig, sygordyntjie vir die agterste venster, en elke gerieflike toerusting wat aan die gewone motor behoort.

# *Snelheid en—*
# Balansering

**SNELHEID** om u oor die breë, ope pad te bring; balansering om u onbeperkte vertroue om die draaie in die pad te gee; remme om die natuurtonele aan beide kante as met 'n towerslag stadiger verby te laat vlieg—dit is u pasporte as u aangenaam wil ry met 'n Ford-motor.

LAE ONDERHOUDSKOSTE. Die onderhoudskoste van Ford-werkverrigting hou tred met Ford-tradiesies; as hy die regte sorg en aandag ontvang, kan geen ander motor op die pad teen minder koste per myl bestuur word nie. En as al die jare van genot en tevredenheid, gemaklike en gerieflike vervoer wat uit die Ford te kry is, inaggeneem word, is sy prys maar 'n kleinigheid.

DEMONSTRASIE—Vra u Ford-handelaar om u 'n Ford-motor te laat bestuur. Hy sal u met genoë uitneem. Kies die steilste hoogtes, die slegste paaie uit—u sal verbaas wees oor die krag wat tot u beskikking is. Probeer en kyk hoe vinnig spring hy weg, hoe vinnig hy optrek in twede versnelling, hoe maklik hy van versnelling verander kan word. Let op die gladde, seker werking van die sesrem-stelsel.

ANDER MODELLE—Tudor Sedan, Sportkoepee met Agterbakkie, Standaard-Koepee, Phaeton, Roadster.

*BESTUUR HOM SELF—DAAR IS GEEN BETER TOETS NIE.*

Ford

DIE FORD-MOTORMAATSKAPPY VAN SUID-AFRIKA BEPERK, PORT-ELIZABETH.

# 2016 GEORGE OLD CAR SHOW

### By Mike Alexander (REPEAT)

Planning for the 2016 George Old Car Show has commenced!!

For those that may not know, I have agreed to be the co-ordinator of the 2016 show and have an awesome group of dedicated people to help me make this show another memorable one. The Club has a winning formula in our annual show, but this can only happen with the input of **all** of the members. It takes almost a complete year to organise a show of this calibre and one cannot expect just a handful of individuals to do all the work involved.

This is a sincere plea for everyone to please get involved in even a small way so that the workload can be spread over all our members. Volunteering to do a shift at the gates or helping to paint lines on the fields or driving someone that cannot walk around the show in a golf cart makes all the difference when planning such an event.

Below is an abbreviated organogram showing who is going to be in control of what before and during the show. Please contact the relevant person (or me) and make yourself available to be part of this wonderful event that is one of the highlights on the George calendar. Event happening the 13th & 14th of February 2016.

We need your involvement and input please.

GEORGE
OLD CAR
SHOW